

20 Desember - WINGERD

Skrifgedeelte: Matteus 21:23-32

Fokusgedeelte: Matteus 21:30b

Woorde beteken nog nie werk nie. In Matteus 21 lees ons dat die owerpriesters en die geestelike leiers van Israel die Here Jesus konfronteer. Dit word gevolg deur 'n gelykenis wat Jesus vertel. In hierdie gelykenis hoor ons hoe die Here skynheilige geloof ontmasker.

'n Pa gee aan sy twee seuns dieselfde opdrag. Al twee word gevra om in die wingerd te gaan werk. Al was hulle nie slawe of diensknegte nie, maar erfgename van die wingerd moes hulle steeds hulle plig nakom. God se kinders moet almal uitgaan om te gaan werk in sy wingerd, sy kerk. Werk is deel van kerkwees. Woorde moet oorgaan in daade.

Die eerste seun se antwoord is kortaf en ongeskik. Dadelik voel almal negatief teenoor hierdie ongehoorsame reaksie. Die tweede seun se reaksie klink pragtig tot ons die skokkende woorde lees: "... maar hy het nie gegaan nie!"

"Gaan werk in my kerk", sê die Here. Sommiges antwoord sommer: "Ek wil nie." Ongevoelig en ongeskik. Ander belowe, skeep verwagting, maar daag net nie op nie.

In die gelykenis gee die Here die ongehoorsame seun plek vir bekering. Bekering maak van 'n ongehoorsame, ongeskikte kind 'n gehoorsame en meelewende kind. Iemand wat geskik is vir diens in sy kerk. Dit verander jou na 'n diensbare, ondergeskikte mens wat buig voor die Here.

In die gelykenis was daar twee soorte kinders – een was beter as wat hy belowe het, die ander het beter belowe as wat hy was.

Ons Here Jesus Christus het belowe: "Hierdie tempel sal ek afbreek en in drie dae weer opbou." Hy het hierdie belofte gestand gedoen en dit het sy lewe gekos.

Dit het ons in 'n nuwe posisie geplaas. Ons kan nou as dankbare kinders, bekeer van ons sondes, diensbaar in die kerk werk. Laat ons nou met oorgawe in die wingerd, sy kerk, werk.

Sing: Psalm 84:1 (1936-beryming)

Ds CB Swanepoel (Lyttelton)